**1 Oktober**
**Skrifgedeelte: Numeri 11:4-30**
**Fokusgedeelte: Numeri 11:25**

## Gods Gees bekwaam

‘n Suksesvolle dienskneg is gehoorsaam aan sy opdraggewer. Die dienskneg het nie alleen ‘n verantwoordelikheid teenoor sy opdraggewer nie, maar ook teenoor diegene wat deur die opdragte geraak word.

Moses het die Gees van God ontvang wat hom in staat gestel het om sy verantwoordelikheid teenoor God, die volk van God en die wêreld na te kom. Toe Moses die opdrag van God uitgevoer het om die volk uit te lei, het hy God aan die farao bekend gestel, want die Egiptenare sou die gevolge van hulle ongehoorsaamheid moes dra. Hy het God aan die volk bekend gemaak, want hulle moes hulle reinig om saam met God te trek.

Wanneer Moses hulp nodig het, moet die sewentig leiers eers bekwaam gemaak word deur die Gees van God te ontvang. Met die ontvangs van die Gees profeteer hulle. Dit was ‘n eenmalige gebeurtenis om die volk te oortuig van hulle toerusting. Wanneer die Gees na die wêreld kom, profeteer die dissipels in verskillende tale. Dit was ‘n eenmalige gebeurtenis om die wêreld te oortuig dat die Gees na die wêreld gekom het om ons toe te rus. Ons het die Heilige Gees nodig om ons verantwoordelikheid teenoor God, ons medegelowiges en die wêreld na te kom. Laat dit ons bede wees dat ons te alle tye ontvanklik sal wees vir die leiding van die Gees van God, sodat ons geseënde diensknegte van God mag wees.

*Sing: Skrifberyming 13:3-5 Ds RP van Wyk (Grassy Park)*